

1 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 1

Fokusgedeelte: Psalm 1:1, 2

Hoe gaan dit?

Hoe gaan dit met jou? Kan dit goed gaan in ons 2013-model lewe? Dit is dan so vol van korrupsie en omkoperij, moorde en geweld, haat en nyd, lelikheid en sonde.

Nou sê Psalm 1 dit kan met jou goed of sleg gaan. Dit gaan sleg met jou as jy die raad van die goddelose volg:

- Dan het jou lewe geen sin en betekenis nie, maar is dit soos kaf wat nikswerd deur die wind rondgewaai word.
- Dan raak jy dieper en dieper op die sondepad betrokke.
- Dan loop jou lewe net op die ewige dood uit. Kaf moet mos eintlik verbrand word.

Daarteenoor gaan dit goed met die regverdige:

- By hom is daar lewe.
- Hy lewe soos 'n boom wat by water staan en vrugte dra.
- Hy leef van die sappe uit die stam, want Jesus sê: "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly, dra baie vrugte ..." (Joh. 15:5).
- Daarom voer hy 'n vrugbare en dienswaardige bestaan.

Dit gaan met hom goed! Waarom? Is dit omdat hy so wonderlik is? Nee, dit is omdat hy die regte weg ken. Hy volg God op sy Woord, die Woord wat vir ons vlees geword het. Jesus Christus sê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6).

- Deur Hom het ons die lewe en word ons regverdig verklaar.
- Deur Hom ontvang ons genade en vergewing, liefde en die ewige lewe.
- Deur Hom bly ons kinders van God met die sekerheid dat God ons elke oomblik lei (vs 6).

Kan hierdie waarheid iets anders as vreugde in jou hart bring? God se Woord verseker jou deur die werking van die Heilige Gees dat hierdie vreugde joune is:

- Dit verseker jou dat jy met God versoen is.
- Dit bring jou ou, stram ledemate in beweging om as nuwe mens vol blydschap met die Here te leef.
- Dit laat jou in alles van jou Here getuig.
- Dit laat jou selfs in moeilike dae in die wete dat jy veilig in die hand van jou Here is.

Leef elke dag met en uit God se Woord. Dit is die lig op jou pad deur hierdie donker wêreld. Met God se Woord in die hand en die hart getuig jy in vreugde: "Dit gaan met my goed, dankie!"

Sing: Psalm 1:1, 2 (Totius)

Ds. RG Aucamp (Emeritus)